

GEMEENTE.

LES 11

1	GEBED
----------	-------

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2	DEEL (20 minute) <i>[STILTETYE]</i> 2 KORINTIËRS 4 - 6
----------	---

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (2 Korintiërs 4 - 6). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (5 minute) <i>[SLEUTELVERSE IN JOHANNES]</i> (5) JOHANNES 4:24
----------	--

Repeteer twee -twee.

(5) Johannes 4:24. God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet Hom deur die Gees en in waarheid aanbid.

4	ONDERRIG (85 minute) <i>[KERKLIKE FEESDAG]</i> DIE DAG VAN DIE HERE: DIE DAG VAN RUS, GEMEENSAP EN BEDIENING
----------	---

Inleiding. ‘Die dag van die Here’ is die feesdag waarop Christene rus en saamkom vir gemeenskap, aanbidding en bediening. Ons wil leer wat die Bybel leer oor ‘die sabbat’, wat op die sewende dag van die week gehou is. Ons wil ook leer oor ‘die dag van die Here’ wat op die eerste dag van die week gehou word. Waarom kom Christene oor die hele wêreld op die dag van die Here bymekaar? Wat behoort Christene op die dag van die Here te doen?

Die dae van die week word deur verskillende kulture in die wêreld op verskillende maniere ingedeel. Gedurende die Ou-Testamentiese periode is die sabbat op die laaste dag van die week gehou, naamlik die sewende dag of die Saterdag. Die Christene het gedurende die Nuwe-Testamentiese periode die dag van die Here op die eerste dag van die week gevier, naamlik op Sondag. Baie Christene in die wêreld volg hulle voorbeeld en vier die dag van die Here op Sondag. Baie ander Christene in veral moeilike lande vier die dag van die Here op die rusdag van die betrokke land waar hulle woon, wat op ’n Donderdag, Vrydag of Saterdag kan wees, afhanklik van die kultuur waar hulle woon. Wat belangrik is, is hoe die dag van die Here gevier word en nié op watter dag van die week nie.

A. DIE WET IN DIE OU TESTAMENT EN IN DIE NUWE TESTAMENT

1. Die wet in die Ou Testament.

Die wet in die Ou Testament kan as volg ingedeel word:

(1) Die morele wet.

Die morele wet (Eksodus 20:1-17; Deuteronomium 5:6-21) is die manier waarop God wil hê dat sy verlose mense leef.

(2) Die seremoniële wet.

Die seremoniële of rituele wet was die manier waarop God gedurende die Ou-Testamentiese periode wou hê dat sy mense tot Hom nader, Hom aanbid en met Hom omgaan.

(3) Die burgerlike wet.

Die burgerlike wet vir die volk van Israel was die manier waarop God gedurende die Ou-Testamentiese periode wou hê dat sy Ou-Testamentiese volk, Israel, moes funksioneer as ’n (teokratiese) volksstaat. Dit bestaan uit wette m.b.t. eiendom, lenings, huwelike, regsake, slawerny, oorlog, moord, ens. (Eksodus 21:1 tot 23:9; Deuteronomium 16:18 tot 26:19).

2. Die seremoniële wet van die Ou Testament.

Die Ou-Testamentiese seremoniële wet bevat bepalings en reëls m.b.t. vier gebiede van aanbidding: heilige mense, heilige plekke, heilige tye en heilige handelinge.

(1) Heilige mense.

Dit bestaan uit wette vir die priesters en die Leviëte (Eksodus hfst. 28-29,39; Levitikus hfst. 8-10,21-22; Numeri 8).

(2) Heilige plekke.

Dit bestaan uit wette vir die tabernakel en later die tempel in Jerusalem (Eksodus 20:24-26; Eksodus 25-27,30,35-38; Levitikus 24:1-9; Deuteronomium 12).

(3) Heilige tye.

Dit bestaan uit wette m.b.t. die vasdae wat ingestel is (Levitikus 16 en 23:27; Numeri 28-29; Jesaja 58:1-12. Stel dit teenoor Sagaria 8:19 en Lukas 18:12) en die ander vasgestelde feeste (Eksodus 23:14-19; Levitikus 23:1-44; Deuteronomium 16:1-17), veral die sabbat, die sabbatsjaar en die jubeljaar (Eksodus 23:10-13; 31:12-17; Levitikus 25:1-28).

(4) Heilige handeling.

Dit bestaan uit wette m.b.t. die besnydenis (Genesis 17), die reinigingsgebruike (Levitikus 12-15; Numeri. 19), die eet van rein voedsel (Levitikus 11 en 15; Deuteronomium 14:3-21), die offerandes (Levitikus 1-7,22; Numeri 28:1-15), die eersgeborenes van mense, die eerstelinge van die vee (diere) en die eerste vrugte van die oes (Eksodus 13:1-16; Numeri 18:14-20; Deuteronomium 15:19-23; vergelyk Rigters 13:7; 1 Samuel 1:28) en drie verskillende tiendes (Levitikus 27:30-33; Numeri 18:20-32; Deuteronomium 12:17-19; 14:22-29; vergelyk 16:16-17).

3. Die wet in die Nuwe Testament.

(1) Die morele wet word in die Nuwe-Testamentiese periode *gehandhaaf*.

Die morele wet word juis uitgelê in Matteus 5; word saamgevat in Matteus 22:36-40, Markus 12:30-31 en Romeine 13:8-10; Dit is die norm vir die Christen se lewe in Johannes 13:34-35. Die morele wet bly die manier waarop God wil hê dat sy verlore volk in die Ou Testament en die Nuwe Testament lewe.

(2) Die seremoniële wet – is na vervulling *opgehef*.

Die seremoniële wet is deur die eerste koms van Christus vervul (Matteus 5:17) en daarom opgehef (Kolossense 2:14) en afgeskaf (Efesiërs 2:14-15).

(3) Die burgerlike wet van die volksstaat Israel is deur die leer van die koninkryk van God *vervang*.

Die burgerlike wet is deur die onderrig van Jesus Christus oor die koninkryk van God (Matteus hfst. 5,6,7,13 en 18 en in al die gelykenisse van Jesus oor die koninkryk) vervang. Daarom wil God hê dat sy mense in alle volke van die wêreld funksioneer as burgers van die koninkryk van God.

4. Wat die Nuwe Testament leer m.b.t. die onderdele van die Ou-Testamentiese seremoniële wet.

(1) Die Ou-Testamentiese seremoniële wet

was 'n skaduwee van die Nuwe-Testamentiese werklikheid.

Lees Kolossense 2:16-17; Hebreërs 8:5,13; 10:1. Die seremoniële wet was 'n skaduwee van die toekomstige werklikheid. Die Nuwe-Testamentiese boeke Romeine, Galasiërs en Hebreërs leer duidelik dat Jesus Christus 'die skaduwees' (die Ou-Testamentiese seremoniële wette) vervul het en 'die werklikhede' ingestel het.

(2) Die Ou-Testamentiese priesters

was skaduwees van die Nuwe-Testamentiese Hoëpriester.

Lees Hebreërs 7:23-28. Vir Christene is Jesus Christus die enigste Hoëpriester, omdat net Hy volmaak sondeloos is en vir ewig leef. Alleen Jesus Christus is *die Apostel en Hoëpriester* van ons belydenis (Hebreërs 3:1), *die Herder* (Pastor) en *Opsiener* (letterlijk: Biskop) van ons siele (1 Petrus 2:25), *die Opperherder* van die kudde van God (1 Petrus 5:4). En die Nuwe Testament leer *die priesterskap van gelowiges* (1 Petrus 2:9-10).

(3) Die Ou-Testamentiese tempel

was 'n skaduwee van die Nuwe-Testamentiese Gemeente.

Lees Efesiërs 2:21-22 en 1 Petrus 2:4-11. Vir Christene is die wêreldwye gemeenskap van Christengelowiges (d.i. die Gemeente/Kerk) die enigste tempel.

(4) Die Ou-Testamentiese sabbat

was 'n skaduwee van die Nuwe-Testamentiese dag van die Here.

Lees Hebreërs 4:1-11.

- Die sewende dag van die week vier *die voltooiing* van God se skeppingswerk en die *begin* van lewe op hierdie aarde
- maar die eerste dag van die week vier *die voltooiing* van God se verlossingswerk in Christus en die *begin* van die nuwe (ewige) lewe.
- Vir Christene kom die finale sabbatsrus eers wanneer hulle sterf en vir ewig in die sigbare teenwoordigheid van God (Christus) mag lewe, aanvanklik in die hemel en later op die nuwe aarde.

Die funksies van die Ou-Testamentiese sabbatsdag was:

- één dag per week daaglikse arbeid opsy sit om asem te skeep (Eksodus 23:12)
- om 'n gewyde byeenkoms te hou (Levitikus 23:3)
- en om goed te doen en lewens te red (Markus 3:4).

Hierdie funksies het oorgegaan op die Sondag, die dag waarop God se verlossingswerk deur Christus voltooi is en waarop die nuwe lewe in Christus op die aarde begin het.

(5) Die Ou-Testamentiese vasdae
was skaduwees van die Nuwe-Testamentiese vreugde.

Lees Markus 2:18-22; Johannes 16:19-22. Vir Christene is die *vasdae van treur* verander in *vreugdevolle feesdae* (Sagaria 8:19), omdat Christus alles wat nodig was vir hulle verlossing volbring het en buitendien onophoudelik aanwesig is (Matteus 28:20).

(6) Die Ou-Testamentiese paasfees
was 'n skaduwee van die Nuwe-Testamentiese Goeie Vrydag en Nagmaalviering.

Lees 1 Korintiërs 5:6-13; 11:18-32. Vir Christene is die paaslam die plaasvervangende soenoffer van Christus. Christene vier fees, nie met die ou suurdeeg van onsedelikheid en ander sonde nie, maar met die ongesuurde brood van reinheid en waarheid. Hulle vier gereeld Nagmaal ter gedagtenis aan die liggaam en bloed van Christus aan die kruis (1 Korintiërs 11:24-26).

(7) Die Ou-Testamentiese besnydenis
was 'n skaduwee van die Nuwe-Testamentiese wedergeboorte.

Lees Romeine 2:28-29 en Kolossense 2:11. Vir Christene is die enigste ware besnydenis die besnydenis van hulle hart deur die wedergeboorte deur die Heilige Gees.

(8) Die Ou-Testamentiese reinigingsrites
was 'n skaduwee van die Nuwe-Testamentiese doop met water.

Lees Markus 1:8; Johannes 3:22-25; Handeling 10:47-48; 22:16. Vir Christene is die enigste reinigingsrite die doop met water, wat die doop met die Heilige Gees simboliseer (en daardeur deelhê aan die volbragte verlossingswerk van Christus soos byvoorbeeld die afwassing van alle sondes of volkome vergifnis van sondes).

(9) Die Ou-Testamentiese inneem van rein voedsel
was 'n skaduwee van die Nuwe-Testamentiese uitleef van 'n heilige lewe.

Lees Markus 7:18-23; 1 Timoteus 4:3-5. Vir Christene is alle voedsel rein en dus geskik vir inname. Anders as vir Jode en Moslems, gaan dit vir Christene nie oor 'onrein en rein' voedsel nie, en nie oor 'wat van buite af in 'n mens ingaan' nie, maar oor 'wat van binne af uit 'n mens kom'! "Maar wat by die mond uitkom, kom uit die hart, en dít is die dinge wat die mense onrein maak. Uit die hart kom slegte gedagtes: moord, owerspel, onkuisheid, diefstal, vals getuienis, kwaadpraterij. Dít is die dinge wat 'n mens onrein maak, maar om met ongewaste hande te eet, maak 'n mens nie onrein nie" (Matteus 15:18-20)!

(10) Die herhaaldelike Ou-Testamentiese offerandes
was 'n skaduwee van die eenmalige soenoffer van Christus in die Nuwe Testament.

Lees Romeine 3:25, Hebreërs 2:17; 9:28; 1 Johannes 4:10. Vir Christene is hul enigste plaasvervangende soenoffer Jesus Christus wat aan die kruis gesterf het.

(11) Die Ou-Testamentiese eersgeborene
was 'n skaduwee van die volledige toewyding aan Christus.

Lees Matteus 6:33; Lukas 9:23. Vir Christene word nie net die eersgeborene (die eersteling van diere en eerste vrugte van die oes) nie, maar alles en almal deur God geheilig en aan Hom toegewy.

(12) Die Ou-Testamentiese tiendes
was 'n skaduwee van die Nuwe-Testamentiese gee.

Lees Lukas 6:38; 2 Korintiërs 9:6-15. Vir Christene is die drie verskillende tiendes van die Ou-Testamentiese openbaring, wat gegee is om die tempelaanbidding met priesters en seremonies in Jerusalem en die burgerlike belasting van Israel in stand te hou, vervang deur vrywillige en blymoedige gee om die uitbreiding van die koninkryk van God (en wêreldwye Christelike Kerk) te bevorder.

Gevolgtrekking. Die Bybel leer duidelik dat Jesus Christus nie die wet eenkant toe geskuif het nie, maar die wet vervul (Matteus 5:17) en verander (Hebreërs 7:12) het.

- Jesus Christus het die bepalinge van die morele wet (die Tien Gebooe) herstel en gehandhaaf (Matteus 22:36-40), maar die bepalinge van die seremoniële wet, na die vervulling, opgehef (Kolossense 2:14) en afgeskaf! Die seremoniële wette mag nie weer in die Christelike Kerk ingebring word nie en so weer skeiding bring tussen mense wat die seremoniële wet hou¹ en mense wat die seremoniële wet nie hou nie (Efesiërs 2:14-15)!

B. DIE SABBAT IN DIE OU EN DIE NUWE TESTAMENT

1. Die hou van die sabbat was 'n onderdeel van die Ou-Testamentiese seremoniële wet.

Ontdek en bespreek. Wat was God se doel (bedoeling) met die Ou-Testamentiese sabbat?

¹ Jode (wat die Tora insluitend die 613 bygevoegde wette van die Fariseërs hou), die Moslems (wat die Sharia hou) en wettiese Christene (wat hulle aan tradisionele wette van hulle kerkgenootskap hou).

(1) Die Ou-Testamentiese sabbat – 'n dag wat afgesonder was.

Lees Eksodus 20:8-11; Deuteronomium 5:12-14. Die HERE het aan sy verlore mense uit die slawerny van Egipte Tien Gebooe gegee om te onderhou, nie as reëls oor hoe om verlos te word nie, maar as *reëls hoe om as verlore mense te leef!* Die vierde gebod is ingestel om die sabbat (die sewende of laaste dag van die week) te heilig. 'Heilig' beteken van die ander dae van die week *afsonder* om dit *toe te wy* aan die doelstellings van God vir dié dag.

(2) Die Ou-Testamentiese sabbat – 'n dag vir rus.

Lees Genesis 2:2-3; Eksodus 23:12. God se eerste bedoeling met die sabbat was om één dag in die week af te sonder sodat die mens *kan rus en asem skep (verkwik kan word, nuwe krag kan kry)*.

(3) Die Ou-Testamentiese sabbat – 'n dag vir 'n byeenkoms.

Lees Levitikus 23:3. God se tweede bedoeling met die sabbat was om één dag van die week af te sonder sodat sy mense *bymekaar kon kom om met Hom en met mekaar om te gaan*.

Die vierde gebod leer dus die wyse raad om één uit elke sewe dae af te sonder vir rus, herstel, aanbidding en bediening.

2. Die Joodse godsdienstige leiers en leraars het die gees van die Ou-Testamentiese wet gewysig.

Ontdek en bespreek. Hoe het die Joodse leiers en leraars die wet in die Ou Testament gewysig?

(1) Die Joodse godsdienstige leiers het die vierde gebod gewysig.

Lees Jesaja 29:13; Markus 2:23 - 3:6. Reeds in die tyd van die profeet Jesaja (740-680 v.C.) het die godsdienstige leiers van Israel begin om nuwe reëls vir die godsdiens op te stel. Veral in die periode tussen die laaste boek in die Ou Testament en die eerste boek in die Nuwe Testament (400 – 0 v.C.) het die Joodse godsdienstige leiers baie nuwe wette opgestel wat hulle gesê het die Ou-Testamentiese wette uitlê. Die sabbat het begin met sonsondergang op Vrydag en geëindig met sonsondergang op Saterdag. Die Joodse godsdienstige leiers en leraars het 'n lys van 39 werke opgestel wat verbode was op die sabbat. Byvoorbeeld, jy mag nie verder as 'n sabbatsreis geloop het nie, jy mag geen voedsel voorberei op die sabbat nie en jy mag niks dra op die sabbat nie, ens. Hulle het die dissipels van Jesus, wat ook Jode was, beskuldig dat hulle die sabbat gebreek het deurdat hulle are gepluk het en dit geëet het. Oes was verbode op die sabbat. Hulle het geleer dat God die mens vir (die onderhouding van) die sabbat gemaak het. Deur dergelike menslike wette toe te voeg tot God se wet het die Joodse godsdienstige leiers en leraars die wet verander in 'n las wat geen mens kon dra nie. Daarom het Jesus gesien dat die mense moeg en sonder 'n wagter was (Matteus 9:36) en het hulle uitgenooi: "Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee" (Matteus 11:28).

(2) Die Joodse godsdienstige leiers het die betekenis van die hele Ou-Testamentiese wet gewysig.

Lees Galasiërs 3:25-27; Kolossense 2:17; Hebreërs 10:1; Handeling 15:1,5; Romeine 9:30-33; Matteus 23:3-4. In plaas van die Ou-Testamentiese wet te beskou as 'n skaduwee wat na die werklikheid van die Verlosser, Jesus Christus, wys, het die Joodse godsdienstige leiers en leraars die wet tot 'n middel gemaak waardeur die mens verlos (in God se oë geregverdig) kan word. Hulle het nie net God se geskrewe wet in die Ou Testament bedoel nie, maar die honderde mensgemaakte wette wat hulle daaraan toegevoeg het! Die Jode het veral die besnydenis en die onderhouding van die sabbat onontbeerlik (noodsaaklik) gemaak vir die verlossing (Handeling 15:1)!

Maar die Joodse godsdienstige leiers was skynheiliges, omdat hulle sêlf nie die gebooe gehou het nie en tog verwag het dat hulle volgelingen hulle daaraan moes hou. "...hulle doen self nie wat hulle sê nie. Hulle bind swaar en ondraaglike laste saam en sit dit op die mense se skouers, maar self wil hulle nie 'n vinger verroer om dit te dra nie" (Matteus 23:3-4). Hulle het die Ou-Testamentiese wet in 'n ondraaglike las verander!

(3) Die Joodse godsdienstige leiers het God se gebooe verruil vir hulle eie tradisies.

Lees Markus 7:1-13. Jesus het gesê dat die Joodse godsdienstige leiers en leraars die gebooe van God opsy geskuif het ten einde hulle eie dwase mensgemaakte tradisies te onderhou! Hulle het die Ou-Testamentiese wet begrawe onder 'n berg van 365 mensgemaakte verbodings en 248 mensgemaakte gebooe (in totaal 613 tradisionele wette). Hulle uitleg van die Ou-Testamentiese wet was gekant téén dit wat God in die Ou Testament wou leer.

God het bedoel dat die Ou-Testamentiese wet 'n *voorbereiding* moes wees vir die komende Verlosser en 'n *illustrasie* van sy komende verlossingswerk! Die offerlam, byvoorbeeld, het vooruit gewys na die soenoffer van die Lam van God (2 Korintiërs 5:7). Maar die Joodse godsdienstige leiers en leraars het die wet verander in *die middel wat verlossing bewerkstellig*. Hulle het geleer dat gehoorsaamheid aan die wet mense voor God sou regverdig! Daarom het mense ook geen Verlosser van sonde nodig nie! Hulle het geleer dat die komende Messias 'n Verlosser van die politieke onderdrukking van die Jode deur die heidenvolke sou wees en dat die Messias die hele wêreld tot 'n Joodse koninkryk sou verander! Later sou ander godsdienste in die wêreld hulle voorbeeld volg en hulle wet die middel van verlossing maak. Hulle almal dwaal!

3. Die sabbat soos deur Jesus Christus in die Nuwe Testament uitgelê.

Ontdek en bespreek. Hoe het Jesus Christus die Ou-Testamentiese sabbat beskou?

(1) Die Ou-Testamentiese sabbat is gemaak om die mens te dien.

Lees Markus 2:18-27; Matteus 5:4; Romeine 12:15; 2 Korintiërs 1:3-7. Die seremoniële wet was 'n skaduwee van die toekomstige werklikheid wat in Jesus Christus gevind word (Kolossense 2:17; Hebreërs 10:1). Die seremoniële wet is voorgestel deur die ou wyn (die ou inhoud) wat in ou velsakke (die ou vorms) gehou is. Die verlossingswerk van Jesus Christus wat volbring is, word voorgestel deur die nuwe wyn (die nuwe inhoud) wat in nuwe velsakke (die nuwe vorms) gegooi word (en gegooi moet word).

Jesus benadruk byvoorbeeld dat Christene wat in sy teenwoordigheid leef, met vreugde moet feesvier i.p.v. met droefheid te moet vas. Hulle moet hulle verbly i.p.v. treur. Hierdie viering is 'n geestelike viering en 'n innerlike vreugde oor sy verlossingswerk wat Hy volbring het en oor sy onophoudelike aanwesigheid by hulle. Dit is egter nie verkeerd om te treur saam met ander Christene as hulle verdruk en vervolgd word nie!

Deur sy eerste koms het Jesus Christus 'n nuwe orde ingelei. Hy het nuwe inhoud in hierdie nuwe orde gebring, naamlik: die werklikhede i.p.v. die skaduwees en hierdie werklikhede vereis nuwe vorms!

Die uiterlike vorms van vas of hou van die sabbat behoort tot die ou orde. Jesus het gesê: “Die sabbat is vir die mens gemaak en nie die mens vir die sabbatdag nie” (Markus 2:27). Die sabbat is ingestel ná die skepping van die mens, nie om vir die mens 'n las te wees nie, maar juis om 'n seën vir die mens te wees! Dit is nie ingestel om 39 mensgemaakte wette m.b.t. die sabbat te onderhou nie, maar om te rus van die werk van die afgelope week, om asem te skep en om met ander Christene saam te kom om met God en met mekaar gemeenskap te hê. Dit is net die eerste twee doelwitte van die sabbat.

(2) Die Ou-Testamentiese sabbat is ingestel om God te dien.

Lees Markus 2:28 - 3:6. Jesus het gesê: “Daarom is die Seun van die mens Here óók oor die sabbat.” Die godsdienstige leiers van die Jode het geen bevoegdheid gehad om reëls vir die hou van die sabbat te maak nie! Net Jesus Christus het dié bevoegdheid! Hier is 'n voorbeeld. Wanneer dit noodsaaklik is om menseleuens te red, soos in die geval van Dawid (1 Samuel 21:1-6; 22:14-20), of om mense te genees, soos in Markus 3:4, dan moet die seremoniële aspek van die vierde gebod (rus op die sewende dag) tersyde gestel word. Jesus het gesê: “Mag 'n mens op die sabbatdag goed doen of kwaad doen, iemand red of doodmaak” (Markus 3:4)?

Daarom is die derde doel van die sabbat om God te dien deur goeie dinge te doen en leuens te red, byvoorbeeld deur mense kos en klere te gee of deur die evangelie aan hulle te verkondig (Matteus 11:5). Die onderrig van Jesus toon aan dat Jesus die seremoniële aspek van die vierde gebod (die sewende dag) vervang het deur wyse, geestelike en opbouende beginsels (om goed te doen en leuens te red).

Christene pas hierdie beginsels veral toe op die eerste dag van die week. Christene noem die eerste dag van die week ‘die dag van die Here’ omdat Jesus Christus die wet vervul het (Matteus 5:17) en sy verlossingswerk (sy opstanding uit die dood en die uitstorting van die Heilige Gees) op die eerste dag van die week ('n Sondag) voltooi het!

C. DIE DAG VAN DIE HERE IN DIE NUWE TESTAMENT

Die Ou-Testamentiese sabbatdag (die sewende dag van die week) vier die voltooiing van God se skeppingswerk en die begin van lewe op die aarde (Genesis 2:1-3)

Die Nuwe-Testamentiese dag van die Here (die eerste dag van die week) vier die voltooiing van God se verlossingswerk in Jesus Christus en die begin van die nuwe en ewige lewe van die Christen op die aarde (Lukas 24:1-8; Romeine 6:4-7)!

Die dag van die Here is belangrik vir Christene, omdat alle groot gebeurtenisse in die heilsgeskiedenis op die eerste dag van die week plaasgevind het! Die eerste dag van die week is in die Bybel ‘die Sondag’.

Ontdek en bespreek. Waarom is die dag van die Here so belangrik in die Nuwe Testament?

1. Jesus Christus het op die eerste dag van die week uit die dood opgestaan.

(1) Die Nuwe-Testamentiese dag van die Here is die dag waarop Christus uit die dood opgestaan het.

Lees Matteus 28:1. Die Evangelies sê baie duidelik dat Jesus Christus “na die sabbat (die Saterdag)” “baie vroeg op die eerste dag van die week (die Sondag)” uit die dood opgestaan het.

(2) Die Nuwe-Testamentiese dag van die Here is die dag waarop die verlossingswerk van Christus gesertifiseer is.

Lees 1 Korintiërs 15:54-57; Hebreërs 2:14; Filippense 2:8-11. Die liggaamlike opstanding van Jesus Christus bewys dat die sonde, die dood en die duiwel oorwin is! Die liggaamlike opstanding van Jesus Christus is God se gewaarborgde versekering aan die wêreld dat Hy die soenoffer, wat Jesus Christus gebring het vir sondaars, aanvaar het en aan Jesus Christus die hoogste ereplek in die heelal gegee het.

(3) Die Nuwe-Testamentiese dag van die Here is die dag wat die periode van Nuwe-Testamentiese werklikhede inlei.

Lees Hebreërs 8:6,13; 10:1.

- Die dood van Jesus Christus het die Ou-Testamentiese openbaring afgesluit.
- Die opstanding van Jesus Christus het die Nuwe-Testamentiese openbaring ingelei.

Daarom het die voorhangsel in die tempel ook tussen die dood en die opstanding van Jesus Christus geskeur as 'n sigbare teken dat Ou-Testamentiese openbaring afgesluit is. In die Nuwe-Testamentiese periode is die Ou-Testamentiese skaduwees (illustrasies of tipes) en profesieë in Jesus Christus vervul en het die Ou-Testamentiese heilsgeskiedenis tot 'n einde gekom! Ook is die Ou-Testamentiese sewende dag (as onderdeel van die Ou-Testamentiese seremoniële wet) vervul en gevolglik opgehef en afgeskaf. In die Nuwe-Testamentiese periode word die Nuwe-Testamentiese werklikhede geopenbaar.

Byvoorbeeld:

- Die kruisiging en dood van Jesus Christus het die funksie van die voorhangsel van die tempel vervang (Matteüs 27:51) en daarmee *die tempel en tempeldiens* heeltemal afgeskaf (Johannes 2:19-22; Kolossense 2:14; Efesiërs 2:14-15) en vervang met die Gemeente (Kerk) wat Hom in gees en waarheid aanbid (Johannes 4:23-24).
- Die dood van Jesus Christus (sy soenoffer aan die kruis) het die Ou-Testamentiese offerandes vervul en vervang (Hebreërs 10:8-10).
- Die instelling van die Nagmaal het die Ou-Testamentiese *paasfees* vervang. God het die bloed van die soenoffer gesien en gaan nou uit genade verby die bestraffing van die sonde (1 Korintiërs 11:23-26).
- Die doop met water het die Ou-Testamentiese *besnydenis* as die sigbare teken van die onsigbare besnydenis van die hart in die Ou-Testamentiese verbond vervang. Die doop met water is die sigbare teken en seël van die doop met die Gees en die intrede in die genadeverbond van God (Genesis 17:7,10-11; Deuteronomium 30:6; Romeine 2:28-29; Kolossense 2:11-12; Galasiërs 3:26-29).
- Die hemelse priesterskap van Jesus Christus volgens die orde van Melgisedek, het die aardse priesterskap volgens die orde van Aäron vervul en vervang (Hebreërs 7:11-28).
- En die beginsels van die koninkryk van God het die burgerlike wette van die teokratiese volksstaat van Israel vervang (Matteus 5-7; 8:10-12; 13:40-43; 21:42-44).
- God se Ou-Testamentiese volk, Israel, is nie afgeskaf of vervang deur die Nuwe-Testamentiese Gemeente (Kerk) nie, maar is voortgesit op 'n hoër vlak (d.i. waarin die Wet en die Profete nie meer skaduwees is nie, maar vervul is en werklikhede geword het) en is uitgebrei om gelowiges uit alle volke op die aarde in te sluit (Romeine 1:16; 10:12-13; Efesiërs 2:11-22; 3:2-6; 1 Petrus 2:4-10).

Op dieselfde wyse het die dag van die Here (die eerste dag van die week) die sabbat (die sewende dag van die week) as die dag wat afgesonder moet word (van die ander dae van die week) (heilig beteken afsonder) vervang!

In die Ou Testament is die laaste dag van die week (die sabbat) gevier as 'n herdenking van die voltooiing van God se skeppingswerk (vergelyk Genesis 2:2-3). Dan is daar gerus en 'n heilige byeenkoms gehou. Maar in die Nuwe Testament word die eerste dag van die week (die dag van die Here) gevier as herdenking van die voltooiing van God se herskeppingswerk (verlossingswerk) (vergelyk Johannes 19:30; 20:1)! Dan word daar elke week 'n byeenkoms gehou om God te aanbid, die Nagmaal te vier, die Woord van God te verkondig, met mekaar te bid, met mekaar gemeenskap te hê en goeie werke buite die gemeente te doen en lewens te red.

Die opstanding van Jesus Christus op die eerste dag van die week was God se oortuigende bewys dat Hy die verlossingswerk wat volbring is deur Jesus Christus, aanvaar het. Juis die opstanding van Jesus maak die eerste dag van die week só belangrik.

Die vierde gebod om die sabbat te hou was gedeeltelik seremonieel en daarom moes daar 'n verandering kom in die simbool van die sabbat (vergelyk “die noodsaaklike verandering van die wet” in Hebreërs 7:12). Die Ou-Testamentiese simbool (die sewende dag, Saterdag) is *vervang* deur die Nuwe-Testamentiese simbool (die eerste dag, Sondag).

- Die sewende dag vier die voltooiing van die skepping en die begin van lewe op die aarde.
- En die eerste dag vier die voltooiing van die verlossing en die begin van die ewige lewe.

Daarom het die eerste dag van die week groter betekenis as die sewende dag gekry. Dit simboliseer die triomf van Jesus Christus deur sy opstanding uit die dood! Die dood van Jesus Christus het die skaduwees, illustrasies (tipes), profesieë en geskiedenis van die Ou-Testamentiese openbaring vervul en het so oor die Ou-Testamentiese Wet en Profete, wat die seremoniële aspekte van die vierde gebod ingesluit het, getriomf.

2. Die opgestane Here Jesus Christus het aan mense op die eerste dag van die week verskyn.

- (4) Die Nuwe-Testamentiese dag van die Here is die dag waarop die opgestane Here Jesus Christus aan sy mense verskyn het.

Lees Markus 16:9-14; Johannes 20:26. Ander feite maak ook duidelik dat die eerste dag van die week belangrik is in die Nuwe Testament. Na die opstanding van Jesus Christus het die meeste verskynings van Jesus ook op die eerste dag van die week (Sondag) plaasgevind.

- Hy het verskyn aan Maria Magdalena en aan die ander vroue tydens die oggend op die eerste dag van die week.
- Hy het gedurende die middag verskyn aan Petrus en aan twee ander dissipels van Jesus wat oppad was na Emmaus.
- Hy het gedurende die aand aan tien van sy dissipels en hulle vriende verskyn. Dit was sy eerste verskyning aan 'n christelike byeenkoms of gemeente.

- Hy het een week later aan elf van sy dissipels (hierdie keer met Tomas by), ook op die eerste dag van die week, verskyn.

3. Die Heilige Gees is uitgestort op die eerste dag van die week.

(5) Die Nuwe-Testamentiese dag van die Here is die dag waarop Christus die Heilige Gees uitgestort het.

Lees Handeling 2:1; Levitikus 23:15-16. Die uitstorting van die Heilige Gees op Pinkster het ook plaasgevind op die eerste dag van die week (Sondag).

4. Die Nuwe-Testamentiese Gemeente is ook op die eerste dag van die week gestig.

(6) Die Nuwe-Testamentiese dag van die Here is die dag waarop Christus die Nuwe-Testamentiese Gemeente (Kerk) gestig het.

Lees Handeling 2:42. Die eerste christelike gemeente in Jerusalem is op Pinkster gestig. God het die eerste dag van die week (Sondag) gekies as 'n besondere dag, omdat Jesus Christus op die dag uit die dood opgestaan het, op dié dag aan sy dissipels verskyn het, op dié dag die Heilige Gees uitgestort het en op dié dag die eerste christelike gemeente gestig het!

5. Christene het voortgegaan om saam te kom op die eerste dag van die week.

(7) Die Joodse Christene het saamgekom op die eerste dag van die week (Sondag).

Lees Handeling 2:42; 21:20-21; 1 Korintiërs 9:19-23. *Vóór* Pinkster gevier is, het die christelike gemeenskap onder die Jode die sabbat (Saterdag) saam met ander Jode gevier, omdat hulle gevoel het dat hulle Jode was. Hulle het bymekaar gekom om die Ou Testament te lees, te luister na 'n preek (uitleg van 'n Bybelgedeelte) en om te bid. Maar daar is geen aanduiding in die Nuwe Testament dat die Joodse Christene die Nagmaal op die sewende dag van die week gevier het nie.

Ná Pinkster het die christelike gemeenskap onder die Jode begin om die dag van die Here (Sondag) apart van die ander Jode te vier. Hulle het bymekaar gekom om die Skrifte te lees:

- die Ou Testament het bestaan uit die Wet, die Profete en die Geskrifte
- en die Evangelies en Briewe van die apostels (2 Petrus 3:1-2,15-16),

om saam met mekaar te bid, die Nagmaal te vier en met mekaar om te gaan (Handeling 2:42).

(8) Die nie-Joodse Christene het saamgekom op die eerste dag van die week (Sondag).

Lees Handeling 20:5-12; 1 Korintiërs 16:2. Hulle het bymekaar gekom om te aanbid, die Nagmaal te vier, die Woord te verkondig en te onderrig, om met mekaar om te gaan en gawes te gee.

(9) Christene het deur die geskiedenis heen saamgekom op die eerste dag van die week (Sondag).

Lees Openbaring 1:10. Die uitdrukking 'die dag van die Here' in Openbaring 1:10 verwys in die geskrifte van die vroeë kerkvaders en selfs in die moderne Grieks altyd na die eerste dag van die week (Sondag). Die Christene het dus voortgegaan om op die eerste dag van die week bymekaar te kom. Hulle het die dag 'die dag van die Here' genoem.

Samevatting. Vanaf Pinkster beskou Christene die eerste dag van die week as 'die dag van die Here', waarop hulle die Here aanbid, die Nagmaal vier en volhard in die leer van die apostels, die gebede en die gemeenskap met mekaar.

Eers 'n paar honderd jaar later het die Romeinse keiser, Konstantyn, die eerste dag van die week tot offisiële rusdag in die Romeinse Ryk verklaar. Sy besluit het natuurlik geen goddelike gesag nie. Omdat Jesus Christus die Wet vervul het (Matteus 5:17), mag Christene in ander kulture die dag van die Here ook op een of ander feesdag binne hul nasionale kultuur vier (bv: Vrydag). Wat belangrik is, is die doel van die dag van die Here, en nie op watter dag van die week dit gevier word nie!

D. DIE DOEL VAN DIE DAG VAN DIE HERE

Inleiding. In die Bybel word die sewende dag van die week (Saterdag) 'die sabbat' en die eerste dag van die week (Sondag) 'die dag van die Here' genoem. Daar is geen bevel in die Nuwe Testament wat Christene beveel om die dag van die Here te hou soos die sabbat in die Ou Testament nie. Daar is ook geen verbod in die Nuwe Testament om die eerste dag van die week (die dag van die Here) te hou soos die sewende dag van die week (die sabbat) nie. Christene het deur die eeue heen hulle wel gehou aan die gees van die bevel om die sabbat te hou (Eksodus 20:8-11).

- Die Christene het hulle gehou aan *die wyse beginsels van die inhoud van die vierde gebod* (rus, asemskop, bymekaarkom en lewens red),
- maar het *die vorm van die vierde gebod* (die sewende dag van die week) afgeskaf en vervang met die eerste dag van die week!

Omdat daar in die Nuwe Testament geen duidelike bevel is om "die dag van die Here" te hou soos daar in die Ou Testament wel 'n bevel was om die sabbat te hou, is die volgende alleen maar riglyne vir Christene wat hulle moet doen of nalaat op die dag van die Here. Maar hierdie aktiwiteite mag nie "nuwe wette" of "'n las" vir Christene word nie!

1. Die doel van die dag van die Here is om die voltooiing van die verlossingswerk van Christus (sy opstanding, uitstorting van die Heilige Gees en voortdurende teenwoordigheid) met vreugde te vier.

2. Die doel van die dag van die Here is om van die wekelikse werk uit te rus, self geestelik te groei, met ander Christene om te gaan en God te aanbid en te dien.

(1) Christene mag op die dag van die Here *vir hulleself* gebruik om God te ontmoet en geestelik te groei in geregtigheid en heiligheid.

Lees Jesaja 56:6-7; 58:13-14. Die doel van die dag van die Here is egter nie om net te doen wat jý wil nie, maar om die wil van God te doen en Hom te behaag. Christene behoort hulle vreugde nie in hulleself en in hul vryheid op die dag te vind nie, maar in die Here. Die doel van die dag van die Here is om God lief te hê, Hom te aanbid en te dien met geregtigheid en heiligheid!

(2) Christene mag op die dag van die Here God *saam* met ander Christene byeenkom.

Lees Levitikus 23:3; Handeling 2:42; 20:5-12; Hebreërs 10:24-25. Die doel van die dag van die Here is om 'n heilige byeenkoms te hê, die Nagmaal te vier, die Woord te verkondig en te onderrig, om saam te bid en met mekaar gemeenskap te beoefen.

(3) Christene mag op die dag van die Here *aktief* betrokke wees in goed doen en lewens red.

Lees Markus 3:4; Jesaja 58:6-12; Lukas 4:16-21. Die doel van die dag van die Here is nie om niks te doen (of geen werk te doen) nie, maar om goed te doen en lewens te red. Voorbeelde kan wees om mense te help met voedsel en kleding, om die evangelie te verkondig of bevryding (van okkultiese magte en valse godsdienste).

(4) Christene mag op die dag van die Here *uitrus* van hulle werk.

Lees Eksodus 23:12; Markus 2:18-27. Die doel van die dag van die Here is dat Christene rus van hulle normale werk deur die week en asem kan skep. Dit is goed vir 'n mens om oor sy lewe na te dink, te ontspan, en familie en vriende te besoek. Die doel van die dag van die Here is om mense te help en nie om 'n las op die mens te lê nie.

2. Die doel van die dag van die Here is om elke dag te lewe met die oog op die ewigheid.

Lees Hebreërs 4:9-11; Openbaring 14:13. "Daar wag dus nog steeds 'n sabbatsrus vir die volk van God." Daar staan nie: 'n sabbatdag' nie. Hierdie Bybelgedeelte leer nie dat die sewende dag van die week (Saterdag) as 'n rusdag ('n Ou-Testamentiese 'sabbat') gehou moet word nie. Dit leer dat die ewige rus vir Christene nog in die toekoms lê. 'Die sabbatsrus' (Grieks: sabbatismos) is 'n uitdrukking vir die nuwe hemel en die nuwe aarde. As Christene hulle taak op hierdie aarde voltooi het, gaan hulle God se rus in die hemel in en mag dan rus (Grieks: anapauó) van al hulle werk op die aarde (Openbaring 14:13), net soos God gerus het van sy skeppingswerk op die aarde. Omdat Christene dit weet, lê hulle hulle daarop toe om God hier op die aarde te vertrou en te gehoorsaam!

Hulle mag nie faal nie en wil nie faal om God se sabbatsrus binne te gaan nie, soos die Israeliete deur hulle ongeloof en ongehoorsaamheid wel gefaal het om Gods sabbatsrus binne te gaan. Nie net op die dag van die Here nie, maar elke dag kyk Christene met vreugdevolle afwagting vooruit na die ewige rus vir die volk van God! Dit verklaar ook waarom die bogenoemde doelwitte nie beperk mag word tot nêr die eerste dag van die week (die dag van die Here) nie. Die doelwitte is:

- om God lief te hê, te aanbid en te dien
- om ander Christene te ontmoet om mekaar aan te spoor tot liefde en goeie werke (Hebreërs 10:24-25)
- om God se Woord te bestudeer, te bespreek, te verkondig en te onderrig
- om goeie werke te doen (Galasiërs 6:9-10)
- om lewens te red (Markus 3:4)
- om dissipels te maak (Matteus 28:19).

Hierdie aktiwiteite is ook vir elke dag van die week belangrik!

5	GEBED (8 minute) [REAKSIES] GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD
----------	---

Bid saam met mekaar as antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring 'n beurt kry om kortliks (in één of twee sinne) te bid en teenoor God reageer op wat hy in hierdie byeenkoms van Hom geleer het.

6	VOORBEREIDING (2 minute) [OPDRAGTE] VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
----------	--

Deel die voorbereiding vir die volgende keer uit op 'n stukkie papier of laat die groeplede dit neerskryf.

1. Toewyding. Wy jou steeds daaraan toe om dissipels te maak en die gemeente van Jesus Christus op te bou.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die studie oor "Die dag van die Here" – die dag vir rus, gemeenskap en bediening" saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.

3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk op 'n keer uit 2 Korintiërs 7 - 10.
Maak gebruik van die verkose Bybelvers-metode of die gunstelingwaarheid-metode en maak kort aantekeninge.
4. Memoriserings. Hersien twee-twee die laaste 5 Bybelverse uit Johannes. (1) Johannes 1:14; (2) Johannes 1:16; (3) Johannes 2:25; (4) Johannes 3:16; (5) Johannes 4:24.
5. Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. Johannes 4.
Maak gebruik van die vyf stappe metode en maak kort aantekeninge.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering en hierdie opdrag in.